

NG KERK IN OOS-KAAPLAND

GESAMENTLIKE VERGADERING TUSSEN DIE MODERATUUR VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND EN DIE OOS-KAAPSE LEIERSKAP VAN DIE VGK-KAAPLAND - STELLENBOSCH 17 OKT 2006

1. PRESENSIE

1.1 Moderatuur

Hansie Schutte
Chris van Wyk (Verskoning)
Schalk du Toit
Danie Mouton

1.2 Oos-Kaapse Leierskap VGK

Ds Edward Thaane
Ds Enoch Kabito
Ds Andrew Fransman
Ds Fezi Mbenenge

1.3 Ds Lucas Plaatjie is ook teenwoordig, hoewel hy eersdaags uit die Oos-Kaap vertrek.

2. DOEL

2.1 Die vergadering word direk na die afloop van die UK Konvent gehou ten einde die Oos-Kaapse leierskap van die VGK en die leiers van die NGK in Oos-Kaapland geleentheid te gee om gesamentlik te beplan vir die proses van kerkhereniging.

2.2 Ds Hansie Schutte nooi die VGK-lede om op Woensdag, 25 Oktober saam met die NGK moderatuur in Port Elizabeth te vergader om die beplanning op te volg. Die VGK-lede word ook genooi om die eerste gedeelte van die SK-Dagbestuur op 26 Oktober in Port Elizabeth by te woon. Die uitnodiging word aanvaar.

2.3 Die skriba sal ds Wicus van der Walt van die RCA Malabar uitnooi om ook die vergadering by te woon.

3. BEPLANNING

5.1 SAKELYS VIR 25 OKTOBER 2006

Die volgende sake word gelys vir gesprek op 25 Oktober 2006:

3.1.1 Sentrale bestuur van die eenheidsproses (bv Mini-Konvente vir 2007)

3.1.1.1 Duidelik moet verkry word op welke watter plekke en in watter formaat hierdie byeenkomste gehou moet word..

3.1.2 Gemeentelyste in Ringsverband

3.1.2.1 Lede bring 'n lys van ringe en gemeentes saam na die vergadering van 25 Oktober. Op basis hiervan kan oor 'n nuwe ringsverdeling gesels word. Dui ook aan watter gemeentes vakant is en waar kontraktuele ooreenkomste is.

3.1.3 Verwagting van 'n herenigde Oos-Kaapse Sinode

Hoe lyk daardie sinode? Die struktuur en kantoeropset moet uitgeklaar word

3.1.4 Ondersteuning van mekaar in die interim

Watter gestalte moet hierdie ondersteuning aanneem?

3.1.5 Nie-rassige gemeentelike bedieningspunte

Gesprek word gevoer oor die verskillende moontlikhede.

3.1.6 Gesamentlike kommunikasie aan ringe / gemeentes

Dit word as ideaal gestel om gesamentlike na die verskillende ringe en gemeentes te kommunikeer insake kerkhereniging.

4. AFSLUITING

Die vergadering word met gebed afgesluit.